


EK IS DIE OPSTANDING

Johannes 11:25 [iv]

In Christus se antwoord aan Maria en Marta sit daar 'n besondere beklemtoning: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, **al** sterwe hy **ook**;" Dit is 'n teenstelling: "Wie in My glo, sal **lewe**, **al** sterwe hy **ook**;" Jy sal **lewe** al het jy **gesterf**. In die begrip lewe is al die dinge vervat wat jy het terwyl jy lewe. In die begrip dood sit die gedagte dat alles weg is. Wie lewe het alles. Wie dood is, het niks. Ons kan dit só verduidelik: In 'n restaurant wat in seekos spesialiseer is 'n groot glas-tenk vol visse. Telkens as iemand vis bestel neem hy een van die visse om gaar te maak, maar die ander swem rustig in die water rond totdat die kok sy hand weer in die tenk steek om 'n volgende vis te vang. So swem ons as't ware in die lewensakwarium. Tot op 'n dag dat jy uit die lewensruimte weggeneem word. Daarmee moet elke mens rekening hou. As Jesus sê: "Wie in My glo, sal lewe, **al** sterwe hy **ook**", dan beteken dit dat die dood sekerlik vir jou voorlê. Daarmee moet elke mens rekening hou. 'n Latynse spreuk lui: Hodie mihi, cras tibi – Vandag ek, môre jy. Met Paasfees kan jy aan jou dood dink, maar ook aan die lewe wat God in Christus vir jou uit die dood sal gee.

**VOLWASSENHEID IN DIE GELOOF**

Paulus vermaan die lidmate van die Christelike kerk in Korinte (1 Kor. 3), oor die twis en tweedrag wat onder hulle heers. In vers 1-3 skryf Paulus dat hulle deur hulle optrede wys dat hulle op geestelike gebied onvolwasse is. Hulle het deur hulle onderlinge twiste bewys dat hulle nog nie lewe vanuit **geloofsrypheid** nie. Die onvolwasse Christene word deur hul eie begeertes beheer. Die Christen wat geloofsvolwasse is soek in alles na die wil en die begeerte van God. Die gelowiges in Korinte moet nie vergeet dat hulle die tempel van God is nie. Daarom moet hulle hulle vleeslike gesindhede laat vaar en lewe soos mense in wie die Gees van God woon. Die heerlijkheid van die kerk van God is nie geleë in die uiterlike nie maar in die geestelike wyse waarvolgens hulle lewe. Hierdie feit maak van jou nie 'n doodgewone mens nie, maar 'n mens gevul met God se Gees. Dit beheers jou prioriteite en jou lewensbenadering. Daarom vlug jy weg van dit wat verkeerd is en soek na wat God in sy wil verwag. Jy moet die kwaad met die goeie oorwin (Rom.12:21). Dit is 'n opdrag van God vir die volle duur van jou lewe. Nie net vir af en toe nie maar vir jou lewe in sy volheid.

Dr. Nico van der Merwe

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrieff van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 5

Sondag 24 Oktober 2010

Nommer 28

DIE NODIGE EWEWIG

Dis ewe moontlik om die *toekoms* te verloor deur die *hede* te ignoreer, as wat dit moontlik is om die *toekoms* te verloor met verkeerde pogings om die hede te red. In beide gevalle sal die toekoms ongelukkig sneuwel. Die gevolg van so 'n optrede is dat jy beide *hede* en *toekoms* steriel maak deur fanaties vas te hou aan die *verlede*. In hierdie saak word gevra vir 'n fyn balans. Wat van belang is, is dat jy nie in hierdie opsig verkeerde pogings aanwend nie. Onder dié lewenshoudings wat "*verkeerde pogings*" is, is aan die eenkant *hopelose pessimisme* en andersyds *grenslose optimisme*. **Hopelose pessimisme** is 'n lewensvlug van die een loopgraaf na die volgende, terwyl **grenslose optimisme** die lewenshouding is waar die mens sy vestings verlaat om die vyand ongewapen op die oop veld aan te durf.

- Die gelowige mag nooit in die steeds veranderende wêreld, sy tydsgewrig as *akut* diagnoseer nie. Dit maak jou vreesbevange en kragteloos.
- Die gelowige moet egter altyd die aktualiteit van persoonlike weerbaarheid besef en dit in sy lewe uitbou tot 'n oorwinningsprogram met die middels wat God gee. Dit lei tot nugterheid en krag.

Gelowiges wat só die nodige ewewig besit sal 'n *positief-aanvallende lewenstyl* beheers en sal weet om tussen die geeste te onderskei (Rom. 12:1-2; 1 Tim. 4:1-5). Weerbaarheid bestaan net daar waar jy uit 'n onverdeelde geloof, radikaal, Skrifmatig lewe. Sonder die Bybel is jou lewe 'n weg wat dwalend na nêrens lei nie, 'n geslenter sonder koers, 'n rondrentel om die tyd om te kry. Dit bring frustrasies, wanhoop, twyfel, angs.

Dr. Nico van der Merwe



PREKE VANDAG

Prediker: Professor George Lotter

Oggenddiens: **KOLLIG OP DIE PA**

Skriflesing: Lukas 15:11-32



Drie mense in die gelykenis: pa en twee seuns, met die pa in die middelpunt

Die jongste seun wou eintlik wegkom van sy pa vir altyd
Sy rebellie, het gou geblyk, was nie meer so aantreklik nie!

Die pa wag maar al die tyd geduldig

Die vraag wat ons moet beantwoord:

Wat beteken die Pa vir ons?

Watter seun is ons en wie is die Pa vir ons?



Uit die Woord

Soos asyn teen die tande, soos rook in die oë, so is 'n lui mens vir iemand wat hom 'n opdrag gee.
Spreuke 10:26

Wyse Woorde

Waar die moeilikheid so groot is as 'n berg, klim die wyse bo-oor; die dwaas grawe 'n tunnel onderdeur en bly binne vassteek; die lafaard draai om.

C.J. Langenhoven



- ◆ Die meeste mense ondersoek alle dinge. Ongelukkig vind sommige die kwaad sō prettig dat hulle slegs dit behou.
- ◆ Om 'n remskoen te wees kan groot waarde hê, veral as jy 'n dwaas tot stilstand kan rem en so verhoed dat hy 'n sotheid begaan.
- ◆ Die bodem van die bottel openbaar dikwels die bodem van die siel.

DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 5

Hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls handel in geheel oor die **VOLHARDING VAN DIE HEILIGES.**

Artikel 1 : DIE WEDERGEBORENES IS VERLOS VAN DIE HEERSSKAPPY VAN DIE SONDE

Hulle wat God volgens sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, **roep** en deur die Heilige Gees wederbaar, **verlos** Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan nie.

- 1.1 *Diegene wat deur die Heilige Gees wederbaar word, is verlos van die heerskappy en slawerny van die sonde.*
- 1.2 *Dit beteken nie dat hulle sondeloos word nie, want hulle is in hierdie lewe nog nie heeltemal vry van hulle sondige natuur nie.*
- 1.3 *Johannes 3:5; Johannes 8:34; Romeine 6:17; Romeine 7:23-26; 1 Korintiërs 1:9.*



Artikel 2 : VOORTDURENDE VERROOTMOEDIGING IS NODIG

Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid; en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig. Daarom moet hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die bedorwe natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige beoefening van godvresendheid en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang, totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer.

- 2.1 *Die heiliges doen nog sonde en selfs hulle allerbeste werke is nog gebrekkig.*
- 2.2 *Daarom moet hulle God voortdurend om vergiffenis smeek en hulle toevlug tot Christus neem.*
- 2.3 *Hulle moet ook hulle sondige aard hoe langer hoe meer deur die gebed en heilige geloofsoefeninge doodmaak.*
- 2.4 *Ten slotte moet hulle vurig verlang na die volmaaktheid wanneer hulle as sondeloses saam met die Lam van God in die hemel sal regeer.*
- 2.5 *Sagaria 12:10; Johannes 1:29 & 36; Romeine 7:24; Filippense 3:12-14; Hebreërs 6:18; Openbaring 5:6; Openbaring 20:6; Openbaring 22:5.*



VAN ANDRÉ EN HETTIE

Liewe broeders en susters

Toe ons 'n rukkie gelede daar by u weg is, was ons oorlaai met verskillende blyke van dankie-sê: geskenke, briewe, gedigte, telefoonoproepe, besoeke. Dit was eenvoudig oorweldigend! Wees verseker dat ons dit baie opreg waardeer. Nogmaals baie dankie vir die TV-stel en die pragtige herinneringsalbum, asook die besonder mooi geraamde adres en foto van die kerkraad. Een-en-twintig jaar se verbintenis sny 'n mens nie sommer in 'n oomblik af nie – en jy hoef ook nie. Ons kry nog baie telefoonoproepe van u af (bel gerus: 011 954 1105) – ons waardeer dit opreg. Met ons is dit nie soos met iemand wat 'n beroep na 'n ander gemeente toe aanneem nie. Br. At Kruger het dit baie mooi verduidelik toe ons daar weg is, dat ons (kragtens artikels 13 en 20 Kerkorde) lewenslank aan Klerksdorp-Noord verbind bly. Ons is dankbaar dat dr. Nico van der Merwe weekliks vir ons *Simbaal* aanstuur – só bly ons op hoogte van wat in die gemeente aangaan, al die hartseer en siektes, maar ook die vreugdes. Ons deel in die gees saam met u daarin. Dit is vir ons 'n riem onder die hart dat u gereeld vir ons bid. Ons bid ook gereeld vir u en dat ons hemelse Vader dit só sal beskik dat daar spoedig weer 'n bedienaar van sy Woord in die gemeente sal werk.

Groete en baie liefde. Mag dit in alle opsigte so goed met u gaan as wat dit geestelik met u gaan (3 Joh.:2)

André en Hettie



- ♦ Om 'n saak met jouself uit te maak, mag tydelike waarde hê; om dit met God uit te maak het ewigheids waarde.
- ♦ Die boer brand nie sy veld af om dit dood te kry nie, maar om nuwe lewe daar in te bring – om dieselfde rede beproef God ons.
- ♦ Jakob het Esau se eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop gekwansel; sommige mense gee heelwat meer vir heelwat minder.

LAAT ONS WEET!

'n Vriendelike versoek: stuur asseblief alle lief en leed berigte vir Simbaal deur na **Martie Venter**, nie later nie as Woensdag elke week, sodat ons met mekaar kan meeleeft!

Werk soggens: 018 468 5022

Sel: 073 826 3526

Huis: 018 468 6790

e-pos: eisi@vodamail.co.za
martiehv@gds.co.za

**SUSTERS**

Sameroepster vir Oktober: Kotie Oosthuizen

Koekies / Lekkernye vir Kinderhuis:

Oktober: Wyke 9 en 23

**JAARLIKSE SUSTERSAFSLUITING**

Die Susters van die **Gereformeerde Kerk Orkney** nooi al ons susters hartlik uit na die afsluiting op **Woensdag 3 November 2010 om 18:30** by hul kerkgebou. Skryf asseblief jou naam op die lys in die portaal as jy wil gaan of kontak Bets by 084 257 9481 / 018 468 1528 voor Dinsdag 26 Oktober 2010.

Ons sal op Woensdag 3 November almal om **17:45** by die kerk in Klerksdorp ontmoet en dan saamry-geleenthede reël Orkney toe.

Al gehoor van die Dorsland-sangers? Woon gerus die afsluitingsfunksie van die susters op Orkney by en dalk herken u 'n paar gesigte.....



- ♦ Die ydeles verkies om in die kollig te wees, mits die ligkol nie die donker kolle van hulle lewe sigbaar maak nie.


KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
24 Oktober	Barmhartigheid	Sustentasie Khuma
31 Oktober	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
7 November	Barmhartigheid	Sustentasie Khuma
14 November	Barmhartigheid	Sustentasie Khuma
GEMEENTEPROGRAM		
Sondag 24 Oktober tot Saterdag 30 Oktober 2010		
Sondag 24 Oktober	Oggenddiens	09:30
Sondag 24 Oktober	Katkasie Les 23	10:30
Sondag 24 Oktober	Aanddiens	18:00
Maandag 25 Oktober	Breë Kerkraadsvergadering	18:00
TEESKINKBEURTE		
Sondag 24 Oktober 2010	Wyke 13 & 15	
Sondag 31 Oktober 2010	Wyke 16 & 17	
Sondag 7 November 2010	Geen teeskink	
VERJAARDAE		
25 Oktober	Jo-Ann Pretorius	
25 Oktober	Theunis Fourie	
25 Oktober	Delphine Pieters	
27 Oktober	Niekie Kruger	
27 Oktober	Clemens Steenkamp	
28 Oktober	Johan Viljoen	
28 Oktober	Thea Steenkamp	
Ons bede is dat julle die Here se seën en sorg elke dag van julle lewens sal ervaar. Geniet julle verjaardae!		



- ♦ Die gemiddelde "belangrike" man hoef nie daarmee te pronk nie, sy vrou doen dit dikwels namens hom.
- ♦ Sommige rykes koop eer, party armes verkoop hulle s'n. Wie is voor God die mees eerlose: die koper of die verkoper?

KERKARGIEF

Indien enige lidmaat foto's, inligtingstukke, notules, ens. oor die afgelope 30 jaar van die bestaan van ons gemeente het, en dit vir bewaring in die Kerkargief in Potchefstroom kan skenk, moet u asb. met die skriba, **oudl. At Kruger**, skakel. Sy kontakbesonderhede is 018-468-3976, 083-400-3289 of atkruger@webmail.co.za. U kan inligting ook aan die kerk-adres: Posbus 6461, Flamwood 2572 stuur. Merk dit asb. vir aandag: At Kruger. Foto's en ander gedenkwaardighede in elektroniese formaat is ook welkom.



MUNTLEGGING VIR BYBELVERSPREIDING

Volgende Sondag, 31 Oktober 2010 DV, is dit Hervormingsondag, en daar is na die erediens 'n **muntlegging vir Bybelverspreiding**. Daar word gepoog om 'n bedrag van **R40 per belydende lidmaat per jaar** vir Bybelverspreiding in te samel (Dit is darem 'n skamele bedraggie van **R3.33** per maand of **84c** per week. **Onthou: nét R40 per belydende lidmaat per jaar**). Daarmee word die hande van die Bybelgenootskap gesterk in die taak om God se Woord in alle tale in Suid-Afrika te versprei. Dit is ook 'n direkte opdrag van die Here aan sy kerk dat die Woord van God dwarsoor die wêreld gebring moet word (Matt. 28:18-20; Hand. 1:8). Die bydraes van lidmate is 'n gedeeltelike uitvoering van die opdrag van die Here.



- ♦ Probeer die verlorene red terwyl jy nog leef; die ryk dwaas se vergeefse pleidooie het die onmoontlikheid om dit hiernamaals te doen, bewys.
- ♦ 'n Mens mag dalk nie verantwoordelik gehou word vir wat hy doen as hy dronk is nie, maar beslis vir wat hy gedoen het om dronk te word.

HET U KINDERS OF FAMILIE WAT IN DIE BUITELAND WOON?

Br. Hennie en sr. Martie Venter nooi u vriendelik uit na hulle huis in Jasmynweg 74, Flimieda vir koffie en 'n knibbelhappie op Saterdag 30 Oktober 2010 om 15h00.

Bring foto's saam van u kinders, kleinkinders of familie. Laat ons mekaar vertel van ons geliefdes in hierdie naderende Kerstyd wanneer gesinne en families gewoonlik bymekaar kom. Skakel gerus vir Hennie (082-324-2713) of Martie (073-826-3526) as u hierdie meelewingsgeleentheid wil bywoon



STUUR ASSEBLIEF GEGEWENS VAN KINDERS SE PRESTASIES

Die verskillende skole het van nou af een na die ander hulle prysuitdelingsfunksies vir 2010 en ook die verkiesing van Leerlingrade en Prefekterade vir 2011. Omdat die gemeente trots is op en dankbaar is vir ons mooi verbondskinders se prestasies wil ons graag elkeen se prestasie in Simbaal publiseer sodat die gemeentede in die vreugde kan deel.

Sal pa's en ma's, oupas en oumans, vriende en maats asseblief laat weet van die kinders se prestasies wat tydens die toekenningsaande oorhandig is of met die verkiesing van 'n Leerlingraad. Skakel dr. Nico van der Merwe met berigte (☎ 018-468-1782) of sr. Martie Venter (☎ 018-468-1782). U kan ook die volgende e-pos adres gebruik: nico.vandermerwe@telkomsa.net



LIEF EN LEED



- **Br. Willem de Jager** was verlede week naby sy huis in 'n motorongeluk betrokke. Sy bakkie is afgeskryf, sy oorskulp geskeur en ribbes is gebreek. Hy is ontslaan en reeds by die huis, maar verduur baie pyn en ongemak. Ons dink aan hom en sr. Jeanette in hierdie moeilike tyd.
- **Br. Janneman Botha** het behandeling in die hospitaal ontvang vir drukking in sy oë. Ons vertrou dat sy oë spoedig sal herstel.
- **Marlè Booysen**, oudste dogter van **br. Thinus en sr. Nerène Booysen**, is op 1 Oktober op Bloubergstrand getroud met ds. Vian Louw. Die paartjie, tans nog van Klerksdorp, het tydens hul wittebrood o.a. die Victoria-valle besoek. Hartlike gelukwense aan hulle en hul ouers!
- Nog 'n paartjie wat onlangs getroud is, is **Charl Rossouw en Miquet van der Walt**. Charl is verbonde aan Eskom en Miquet is in die SAPD. Ons hartlike gelukwense ook aan hierdie huwelikspaar.
- **Oudl. Piet Kruger** het die afgelope week 'n operasie aan sy oog ondergaan toe 'n katarak verwyder is. Volgende week word sy ander oog gedoen. Ons dink aan hom en sr. Gerty!
- **Br. Jan en sr. Louisa de Klerk** bereik op 29 Oktober 2010 'n besondere dag in hulle lewe. Hulle kan dan met dankbaarheid terugkyk na 'n huwelikslewe van 55 jaar. Hulle is op 29 Oktober 1955 in die eg verbind. Hulle huwelik is geseën met 2 dogters en 1 seun (Rozetta en Jan is ook deel van ons gemeente). Saam met julle is ons die Here dankbaar vir die mooi en geseënde jare wat Hy julle gegee het. Mag die Here nog veel daar byvoeg vir julle, julle kinders en kleinkinders.
- Ons wens al die **matrikulante** en **studente** wat eersdaags begin met indeksamens al die beste toe. Koelkop bly! Vertrou op ons Hemelse Vader en doen julle plig.



**Dr. André Grové se landlynnommer in
Krugersdorp is 011-954-1105.**

GEREFORMEERDE KERK KLERKSDORP-NOORD

**Gemeentesamekoms
Saterdag 6 November 2010**

Die gemeente word hartlik uitgenooi na die jaarlikse
gemeentesamekoms.

Vanjaar is daar weer die tradisionele

SKAAPBRAAI.

Verder:

**vars gebakte brood en konfyt,
roomys met sjokoladestroop.**

Vul die spyskaart.

Wors word vir die kinders gebraai.

Om die jongspan verder besig te hou, sal daar 'n Springkasteel wees.

Bring die volgende saam:

**U eie eetgerei
Drinkgoed
Opvoutafel en stoele
'n Slaai**

WAAR?
HOE LAAT?

KLERKSDORP-NOORD KERKTERREIN
VANAF 16H00

KOSTE?

ETE SAL ONGEVEER 18H00 BEGIN
VOLWASSENES – R20
HOËRSKOOKINDERS – R15
LAERSKOOKINDERS – R10
VOORSKOOKSE KINDERS – GRATIS



KINDERHUIS

Die diakens, verantwoordelik vir die Kinderhuis, wil graag vir elke inwoner van Huis 3 'n skoendoos met toiletware skenk vir die Desember-vakansie. Sommige van hulle word uitgeplaas na gasouers of gaan huis toe, terwyl die meeste in die Kinderhuis agterbly. Ons het die volgende nodig vir die projek:

- * Twintig Leë skoendose
- * Twintig seepbakkies
- * Twintig koekies seep
- * Twintig buisies tandepasta
- * Twintig tandeborsels
- * Twintig bottels deodorant (spuit of aanrol)
- * Twintig sponsies om mee te was (hulle het ongelukkig nie hangplek vir waslappe nie)
- * Twintig bottels/buisies handerूम
- * 'n Verrassing of eetdingetjie vir elke kind.

U kan u bydrae – duidelik gemerk “**KINDERHUIS**” – by die konsistorie afgee, of vir **Sr. Martie Venter** of **sr. Hanlie Mocke**.

ONS SÊ VOORLOPIG BAIE DANKIE VIR U BYDRAE!



FONDSINSAMELING – JANIE SCHNEIDER-SKOOL

Die ouerkomitee van Janie Schneider-Skool bied op Saterdag 30 Oktober 'n praatjie aan met die tema, “Bou Verhoudings”. Aangesien min van die verstandelik gestremde leerders self fondse kan insamel, plaas dit baie druk op hul ouers om dit te doen. Daarom word 'n beroep op die gemeente gedoen om hierdie projek te ondersteun. Meer inligting is beskikbaar by tel. 018 462 4954 of janie55@telkomsa.net.

